
# 394 Op berge en in dale




Die aarde en die hemel, skep Hy aan die begin.
Hy laat ons oor die lewe, vanuit sy woord besin;
wanneer ons denke doodloop en ons nie verder weet,
as ons verval in wanhoop, is God tot hulp gereed.

Sy troue Vaderoë, sien alles van naby;
ons leef uit sy vermoë, word deur sy Gees gelei.
Die swaeltjies behoed Hy, beklee met gras die dal;
die kleinste wurmpie voed Hy, sorg vir die groot heelal.

Die diere op die aarde, die visse in die see,
die mossie en die arend, die blomme, veld en vee,
met al sy ander werke, verkondig dag en nag,
sy goedheid sonder perke; die grootheid van sy mag.

My siel, my hele lewe, is veilig in my God;
waar alles my begewe, of waar ek ly, is God;
waar troue vriendehande nie red nie, daar is God;
selfs in die dood se bande, ja, oral is my God!

C.C. Sturm (1740-86) C. De Pauw (1739-1803)